ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
☎ (011) 864-5110/1
🖷(011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

13 Februarie 2024

NUUSBRIEF 2 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Kan u glo die maand van Liefde het ons, te midde van al die aktiwiteite, so stilletjies hier op die #Rantiewerf kom bekruip. Dit gebeur natuurlik wanneer die hartklop hier op die #Rantieswerf op ’n galop is en daar nie tyd vir speletjies is nie. Ek wil u graag bewus maak van die volgende belangrike sake.

Medelye
Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van die afsterwe van een van ons kollegas, mnr. Jaco Nortjé, se jongste seuntjie. Ons hart gaan in hierdie moeilike omstandighede uit na die gesin en weet dat u as #Rantie-gemeenskap hom en sy familie ook sal ondersteun en onderskraag.

Interlaer atletiekbyeekoms – Woensdag 14 Februarie
Ek herinner u net weereens aan bogenoemde aktiwiteit wat by Germistonstadium sal plaasvind. Daar sal geen skool op hierdie dag wees nie, aangesien die oorgrote meerderheid van die personeel as beamptes diens sal doen. U is welkom om ons atlete te kom ondersteun.

Amptelike toets – datumverskuiwing
Die geskeduleerde toets wat op Maandag 19 Februarie sou plaasvind, moes noodgedwonge na Dinsdag 20 Februarie verskuif word, omdat die Albertonkampioenskappe op die Maandag plaasvind. **Die 19de Februarie is ’n normale skooldag**; slegs atlete wat gekwalifiseer sal deelneem en enkele personeel sal betrokke wees.

Intergraad – netbal en rugbytoernooie
Gegewe die verskuiwing van die Albertonkampioenskappe, sal die intergraadtoernooie vir netbal en rugby nou op Dinsdag 20 en Woensdag 21 Februarie na skool plaasvind.

D6 Connect - “sticitt”-betalingsmetode
Ons is bewus dat hierdie ’n nuwe metode van betaling is, maar ek kan u verseker dat sodra u die werking hiervan onder die knie kry, dit ’n moeitevrye proses is. Belangrike raad wat ek wel aan u kan gee, is dat u seker moet maak dat u beursie (“wallet”) op Sticitt voldoende fondse het. Wanneer u dan betalings uit u beursie maak, word geen addisionele kostes gehef nie. Die teendeel is egter waar dat wanneer u beursie onvoldoende fondse het, word addisionele kaart-/”EFT”-fooie gehef. U word weereens versoek om asseblief u nuutste rekeningnommer, soos aangedui op u skoolgeldstaat, te gebruik wanneer u inbetalings doen.

Revue 2024 – *Hier kom ’n ding*!
Ons leerders is reeds kliphard aan die oefen en u mag moontlik nou reeds nuwe danspassies by u kind opgemerk het. Gun hom/haar die geleentheid om dit ook uit te leef – dit is tog ook huiswerk! Baie dankie dat u reeds betalings begin maak het hiervoor en ons belowe ’n vertoning wat u asem sal wegslaan!

Beheerliggaamverkiesing – Woensdag 6 Maart

U sal weldra formele kennis ontvang van hierdie belangrike stemming wat driejaarliks in ’n skool plaasvind. U sal ook die geleentheid kry om kandidate op ’n nominasielys te nomineer. Ek wil vra dat u dit sal oorweeg om uself beskikbaar te stel om die #Ranties te dien en sodoende kan u bydrae verseker dat die skool van krag tot krag sal gaan. U stem is belangrik en daarom het ons ’n voldagverkiesing wat beteken dat die ‘stemlokaal’ vanaf 07:00 tot 18:00 oop sal wees, sodat u u stem kan uitbring. ’n Volledige skrywe in hierdie verband sal binnekort aan u gestuur word.

Dankie vir...

- ’n Positiewe gesindheid wat die #Ranties so spesiaal maak;
- Gereelde skoolgeldbetalings;
- Bywoning van skoolgeleenthede en
- Die passie waarmee u ons as skool ondersteun, sodat ons die skool van keuse in Alberton kan bly!

Vriendelike groete

M. Gerber

ME. MARLENE GERBER
SKOOLHOOF